

19 Maart

Skrifgedeelte: Jesaja 57:14-21

Fokusgedeelte: Jesaja 57:15

God is by elkeen wat klein is voor Hom!

Amper teenstrydig staan hier dat God woon in ewigheid in die hoë en heilige plek, maar terselfdertyd ook by elkeen wat verdruk en nederig is. Maar tog is dit nie teenstrydig nie, want ons weet uit die Woord van God dat Hy alomteenwoordig is.

In Johannes 1:14 lees ons dat die Woord mens geword en onder ons kom woon het. Dat ons sy heerlikheid gesien het wat Hy as die enigste Seun van God het, vol genade en waarheid. So kom woon God by die verdruktes en die nederige. Nie net die fisies verdruktes en nederige nie, maar na aanleiding van hoofstuk 40 ook die geestelik verdruktes en nederiges, elkeen wat binne-in leeg is. In Lukas 6:20 sê Jesus vir sy dissipels: "Geseënd is julle wat arm is, want aan julle behoort die koninkryk van God."

Arm, nederig en verdruk, want dit is juis dan wanneer jy nie meer op jouself staatmaak nie, maar in afhanklikheid lewe. Dit is juis dan wanneer jy opkyk om krag van die Vader af te kry. God laat sy toorn nie vir altyd teen die sonde ontvlam nie, want waar daar berou en skuldbelydenis is, lei Hy hulle weer en bring Hy hulle terug om weer aan Hom die lof te besing.

Ook in Romeine 10:13 word dit vir ons duidelik dat elkeen wat die Here aanroep, gered sal word, maar om Hom aan te roep, is dit nodig dat jy in Hom moet glo wat vir jou sondes gesterf het. So sien ons ook die genade van God raak as ons weet dat geloof slegs deur God in ons bewerk word, deur die Heilige Gees. Ons kom tot die insig dat dit Hy is wat aan die nederige nuwe krag gee, net soos Hy ook nuwe krag gee aan elkeen wat verdruk word omdat hulle hul afhanklikheid van Hom bely.

Sing: Psalm 18:1, 20 (1936)

Ds RP Buys (Nelspruit)

